VIRSEKER BYSTAND

VERMAAKLIKHEIDSBYSTAND

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie – omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Ons hande staan vir niks verkeerd nie, daarom gee ons jou ook toegang tot inligting oor al die groot makieties: vermaaklikheidsgebeure, die bespreking van hotelverblyf, eetplekke en algemene reisreëlings.

MEDIESE BYSTAND

(Deel van alle motor - omvattend-; motor - derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie - omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

In die geval van enige mediese noodgeval, kan jy Virseker wees van volle toegang tot:

- telefoniese noodbystand;
- noodpadbystand of lugambulans by die ongelukstoneel;
- pad- of lugvervoer na die mees geskikte mediese fasiliteit;
- vervoer van lewensnoodsaaklike medikasie/bloed;
- toesig oor en bystand van gestrande minderjariges;
- oorplasing van terminaal siek pasiënte indien ver van die huis gehospitaliseer;
- oorplasing van oorskot; en
- toegang tot 'n spesialis-krisissentrum in geval van seksuele aanranding.

PADBYSTAND

(Deel van alle motor - omvattend-; motor - derdeparty, brand en diefstal-; veldbakkie - omvattend-; en bromperdpolisse.)

Hierdie pakket gee jou vinnige oplossings vir padpenaries.

Breekbystand:

- insleep na die naaste handelaar ná meganiese/elektriese onklaarheid;
- dekking vir die uitroepfooi plus een uur se arbeid vir 'n slotslyper indien jou sleutels in jou kar toegesluit is;
- dekking vir die uitroepfooi en een uur se arbeid aan 'n pap band/battery;
- gratis noodaflewering van 10 liter petrol (koste bereken teen kosprys);
- verwysing na padpenarie-bystand;
- verwysing na motorwerktuigkundige;
- padaanwysingsdiens;
- 72 uur se pasella-berging ná insleep;
- kennisgewing- en boodskapdiens vir familie of besigheid; en
- indien jy meer as 100 km vanaf jou huis gestrand is ná jou kar gekalf het en na 'n hersteller ingesleep moet word, sal ons reëlings tref en tot **R500** betaal vir:
  - diensvervoer vir jouself en 'n maksimum van ses mense na een aangewese bestemming

  OF
  - hotelverblyf vir jouself en 'n maksimum van ses mense indien daar 'n oornagvertraging is

  OF
  - leenwiele vir 'n 24-uur tydperk, indien jy 'n krediet-kaartwaarborg lewer. Dis beperk tot huurtariewe, aflewering en afhaal van die leenwiele, die eerste tenk petrol en oorhandiging van die kar met aankoms by jou bestemming.

Ons sal ook tot **R500** betaal vir die koste van die afhaal en terugbesorg van die kar by jou normale blyplek nadat die herstelwerk gedoen is.

Die Breekbystand het 'n maksimum jaarlikse limiet van drie uitroepe per versekerde kar.

Ongelukbystand:

VIRSEKER-WEGSLEEPDIENS

- insleep na die naaste goedgekeurde duikdokter/-werf ná 'n ongeluk; en
- ongelukprosedure-advies.

Daar is glad nie 'n limiet op Virseker-Wegsleepdienste vir 'n ongeluk nie.

PLAK ASSEBLIEF JOU WEGSLEEPDIENS-PLAKKER OP JOU MOTOR!

As jy nie die Virseker-Wegsleepdiens by **0860 09 08 12** ná 'n ongeluk bel nie, sal die insleep en stoor van jou kar uit jou eie sak moet kom.

Indien jou kar na 'n plek gesleep en gestoor word wat nie deur ons goedgekeur is nie, sal die hersteltydperk vertraag word terwyl jy oor die vrystellingprys kibbel.

TRAUMABYSTAND

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie – omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudspolisse.)

Hierdie diens word deur 'n landwye netwerk van meer as 110 erkende traumasentrums bedryf, en dit bied jou:

- drie persoonlike traumaberadingsessies;
- bystand met hofprosesvoorbereiding vir getuies/oorlewendes;
- verwysing na groepterapie en ondersteuningsgroepe;
- begeleiding na uitkenningsparades en hofsittings; en
- verwysing na 'n plek van veiligheid of skuiling.

HUISBYSTAND

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty-, brand- en diefstal-; veldbakkie – omvatttend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Katastrofes behoort nie meer jou huis op horings te neem nie! Ons dek die uitroepfooi plus een uur se arbeid vir die dienste van:

- loodgieters;
- elektrisiëns;
- vensterpassers; en
- slotslypers.

Lede het ook volle toegang tot 'n formidabele databasis van verwysings vir:

- bouers;
- matspesialiste;
- verwers;
- tuindienste; en
- brandskadeherstellers.

Die Huisbystand het 'n jaarlikse limiet van 'n maksimum van vyf uitroepe per huishouding.

REGSBYSTAND

(Deel van alle motor – omvattend-; motor – derdeparty, brand en diefstal-; veldbakkie – omvattend-; bromperd-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Gekwalifiseerde prokureurs is jou regterhand in die regsproses en verskaf telefoniese regs- en belasting-advies vir:

- regsdokumentasie, bv. verkoop-, huur- en volmagooreenkomste, testamente en kontrakte;
- hofprosesvoorbereiding;
- kontrakwet; en
- verwysing na regsverteenwoordiging.

Bel die Virseker-Wegsleepdiens en ons tref die reëlings – teen geen ekstra koste nie. Nou só 'n bek moet jêm kry!

Alle bystandverwante voordele kan heeldag, aldag en heeljaar bereik word deur

0860 09 08 12

te bel. Hierdie nommer is net vir noodgevalle en bystandoproepe.
As jy enige ander navrae het, bel jou plaaslike versekeringslyn.

Virseker is 'n produk van Auto & General Versekeringsmaatskappy Bpk, 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (FDV-lisensienommer: 16354).

Enige verwysing na "ons", "deur" of "met" op hierdie dokument verwys na Auto & General. Bepalings en voorwaardes geld.

15/10/13